


Gemeente se finansiële uitdagings vir 2017 en daarna.

Ons wat met die kerk se finansies werk wil eerstens erkenning gee. Want ons is terdeë bewus gemaak van God se genade en beheer oor ons daaglikse versorging, veral dan in die kerk ook, oor die laaste tyd. Ons moes in skaamte erken dat ons elke jaar baie benoud was oor die finansiële beplanning van elke jaar en kon ons met dankbaarheid elke keer terugkyk en die hand van die Here sien in die finale uitkomst daarvan. (Dit is dan wat ook die basis van die beredenering uitgemaak het van die daarstelling van die 2017 begroting en gevolglike motiverings, moet deurentyd in hierdie berig ook in ag geneem moet word). Alhoewel daar vanuit menslike ingrype baie streng finansiële dissipline gehandhaaf is met die beheer en bestuur daarvan. (Soos ook gesien kan word in die grafiek hier onder by die uitgawe kant)

Ons almal is bewus van die ekonomie van SA wat swaar trek, ons sien dit immers in die kerk se finansies ook. Veral dan aan die inkomste kant het daar 'n afplating plaasgevind vanaf 2013 en kan ook uit die grafiek hier onder afgelei word dat die gemiddelde groei oor die laaste 4 jaar tans net 1.8% (ongeveer R200 000), is. R 9 541 451 in 2013 tot R 9 798 974 in 2015, met 'n projeksie van R 9 367 270 in 2016.

Enige iemand wat dus weet dat ons gemiddelde inflasie koers oor die laaste 4 jaar in SA ongeveer 5% per jaar was, sal weet dat dit dus vir geen organisasie (kerke ingesluit) nie volhoubaar kan wees oor die langtermyn, sonder dat daar drastiese stappe geneem word nie. Ons kan al reeds getuig dat die inkortings wat gedoen was sodat die Uitgawes nie te veel eskaleer nie, oor die laaste 4 jaar, sekere bedieninge genoodsaak het om af te skaal.



Ons, (Die Finasies Diensgroep en die Bestuursdiensgroep), wil egter van hierdie geleentheid gebruik maak om dmv 'n baie deursigtige manier die situasie aan die gemeente lede bekend te maak soos volg:

Nadat die prose voltooi is, van insameling van die inligting oor die finansiële behoeftes / beplanning by al die betrokke groeperinge en nadat daar onderlinge onderhandelinge en beredenering daarvoor was by die Bestuursdiensgroep (BDG) se vergadering, **is daar 'n geprojekteerde TEKORT van R 1 050 025 op die 2017 Bedryfsbegroting.** (Soos ook gesien kan word op die grafiek hierbo)